PDV2 B2.4.4 (1)

7

Hospitaalstraat 3,
Stellenbosch,
5 Feb. 1952.

Liewe Leonie,

Ek het ingegaan op die kwessie van musiek by bruilofte en die enigste wat iets gee is Peter Kolbe (1713). Hy sê dat die musiek meestal deur slawe gmaak is. Van die instrumente meld hy niks maar dit kan die luit, die blokfluit en 'n soort ghitaar gewees het; natuurlik was die klawesimbaal ook daar — daar was reeds een in die fort in Van Riebeeck se tyd wat vir die Hottentotte te wonderlik was. In al die ou boeke kom bruilofsliedere voor: „epithalamia."

Terloops, Kolbe sê dat daar tog 'n speelnoot (d.i. 'n soort strooijonker en strooimeisie) van elke geslag by 'n deftige huwelik was, wat die bruidspaar vergesel het — verder is hulle deur jong speelnote (altyd meisies) met blomme (meestal roosblare) uit strooimandjies bestrooi op pad na die plek waar die bruilof gehou sou word. Dit was gebruiklik vir die speelnootpaar om die bruid en bruidegom na die bruilofkamer te vergesel en hulle te help ontklee op die eerste aand. Stel jou voor!

Hartlike groete

Anna.

Ds Anna de Villiers? SWB. 1965

PDV2 B2.4.4 (2)

1.

STELLENBOSCH
-5 II.52 -16:30

CARNEGIE BIBLIOTEEK
Coates
Versameling
U.S.




Mevr. Leonie le Roux,
Mirben,
Milnertonweg,
Tamboerskloof,
Kaapstad.